

178/92

Saak nr 588/91

E du Plooy

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÊLAFDELING)

In die saak tussen:

DAVID NDABAYACKHE BEZUIDENHOUT

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: BOTHA, F H GROSSKOPF ARR et VAN COLLER Wnd AR

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

15 September 1992.

28 September 1992

---

U I T S P R A A KF H GROSSKOPF AR:

Die appellant is in die Rondgaande Plaaslike Afdeling vir die Suidelike Distrikte in Natal deur Booysen, R en twee assessore aan die volgende misdade skuldig bevind, nl moord, brandstigting, roof met verswarende omstandighede, ontvoering en verkragting. Die appellant is die doodvonnis vir die moord opgelê, en 'n verdere effektiewe vonnis van 30 jaar gevangenisstraf vir die ander vier misdade. Die appèl is slegs teen die doodvonnis, en wel met verlof van die verhoorhof.

Die oorledene was 'n induna in diens van 'n sekere mnr Mackenzie op sy plaas in die Ixopo distrik. Ten tyde van die pleging van die moord het die oorledene se niggie, Bongiwe Mchunu, en sy nefie, Sifiso Mchunu, by hom op die plaas gekuier. Bongiwe was destyds 18 jaar oud, terwyl Sifiso 15 jaar oud was en in standerd 6 op

skool. Gedurende die aand van Saterdag 17 Junie 1989, en terwyl die oorledene saam met sy niggie en nefie in sy hut op die plaas was, het die appellant en sy jonger broer, Shobani, aan die deur geklop en by die hut ingeloop.

Beide die appellant en sy jonger broer het ook vroeër op daardie plaas vir Mackenzie gewerk en hulle en die oorledene het mekaar geken. Dit blyk uit die appellant se getuienis dat hy kort tevore uit Mackenzie se diens getree het. Hy het getuig dat hy bedank het omdat sy loon ontoereikend was. Hy het uitdruklik ontken dat daar enige probleme tussen hom en Mackenzie of enigeen van die induna's was. Dit is die appellant se getuienis dat hy die oorledene die betrokke Saterdagmiddag besoek het om 'n bedrag van R42 te gaan haal wat die oorledene hom na bewering geskuld het. Volgens die appellant het hy ongeveer 'n maand tevore 'n hoender vir R8 by die oorledene gekoop, maar het die oorledene nie destyds kleingeld vir die R50-noot gehad waarmee hy hom

betaal het nie. Die appellant se verweer by die verhoor was dat sy jonger broer die oorledene vermoor en beroof het, terwyl hy slegs 'n onskuldige bystander was. Die verhoorhof het die appellant se weergawe verwerp en bevind dat hy en sy jonger broer inderdaad met gemeenskaplike oogmerk opgetree het toe hulle die roof en moord gepleeg het.

Die getuienis van die appellant dat daar destyds geen probleme tussen hom en Mackenzie of enigeen van die induna's bestaan het nie, staan in skrilte kontras met die aantygings wat die appellant die betrokke Saterdagand gemaak het toe hy die oorledene se hut binnegekom het. Volgens die getuienis van Bongiwe Mchunu het die appellant daardie Saterdagand beweer dat hy vir 'n tyd lank vir Mackenzie gewerk het, maar dat hy nie betaling ontvang het toe sy diens beëindig is nie. Dit is Bongiwe se getuienis dat die appellant toe daar en dan betaling van die oorledene geëis het. Dit blyk verder uit Sifiso Mchunu se getuienis dat die appellant

inderdaad daardie aand vir die oorledene van toordery beskuldig het, en dat dit die basis was waarop hy die oorledene, wat nie sy werkgewer was nie, vir sy beweerde agterstallige loon aanspreeklik probeer hou het.

Bongiwe het getuig dat sy nóg die appellant nóg sy metgesel geken het. Sy het die appellant se bewering dat hy en sy 'n liefdesverhouding gehad het, nadruklik ontken. Volgens haar getuienis het die appellant se jong metgesel daardie aand ongeduldig begin raak toe die oorledene nie dadelik aan die appellant se eis om betaling gehoor wou gee nie, en het hy die oorledene se hande agter sy rug vasgebind en hom beveel om op die vloer te kniel. Die appellant het toe vir die oorledene gevra waar die "muti" is wat hy by die beoefening van sy toorkuns gebruik. Die oorledene het nie enige "muti" gehad nie en Bongiwe het toe maar 'n bottel medisyne en blare wat sy vir haar tante saamgebring het, voor die oorledene neergesit. Die appellant se metgesel het die oorledene gelas om die medisyne te drink, maar

voordat hy dit nog kon doen, het hy die oorledene geskop sodat hy plat op sy maag val. Nadat hy Sifiso aan die bed vasgemaak het, het die appellant se metgesel die oorledene verder geskop totdat dit voorgekom het asof hy bewusteloos was. Toe dit later lyk of die oorledene bykom, het die appellant se jong metgesel geld by die oorledene geëis. Die oorledene het vir Sifiso gesê om die geld onder die matras uit te haal, wat hy toe gedoen het. Die appellant en sy metgesel het die geld getel en elkeen het R350 gekry. Daarna het die metgesel weereens vir die oorledene geskop, en hom ook met 'n skerpgemaakte yster bo in sy linkerbors gestee.

Op daardie stadium het die appellant Bongiwe na buite geneem en haar verkrag. Toe hulle weer die hut binnekom, het Bongiwe opgemerk dat al die oorledene se huishoudelike ware op die vloer in die middel van die hut lê. Sy het ook gesien dat die oorledene en Sifiso beide geblinddoek was. Daarna het die appellant se metgesel vir Bongiwe na buite geneem en haar verkrag. Toe hulle

later die hut binnegaan, het die metgesel die oorledene vir 'n tweede maal met die skerp-gemaakte yster in sy linkerbors gestee. Die appellant het daarop vir Bongiwe gelas om haar eie besittings, sowel as die goedere wat in die middel van die hut bymekaargemaak was, na buite te dra. Die appellant het toe 'n blik met brandende kole buite gaan haal en in die hut ingebring. Hy het komberse oor die oorledene geplaas, 'n 5-liter houer met paraffien geneem en vir Sifiso beveel om die paraffien oor die komberse te sprinkel. Sy metgesel het die oorblywende bietjie paraffien oor die vuur gegooi en hulle gelas om die hut te verlaat. Nadat hulle uit is, het die appellant die deur van die hut toegemaak. Toe hulle daarvandaan wegstap, moes Bongiwe en Sifiso al die besittings wat hulle so pas uit die hut gedra het, verder met hulle saamdra. Volgens Bongiwe se getuienis het die appellant daarna twee maal na die oorledene se hut teruggekeer. Sy weet nie waarom hy die eerste keer terug is nie, maar die tweede keer was nadat hulle die

oorledene om hulp hoor skreeu het. Die oorledene het later weer geskreeu, waarop die appellant se metgesel na die hut teruggegaan het met die opmerking dat hy die oorledene van kant gaan maak.

Mackenzie het die oorledene se verbrande liggaam later die aand 'n paar meter buite die hut gevind. Die distriksgeneesheer wat die lykskouing gedoen het, het vier steekwonde in die oorledene se bors en een in sy nek gevind. Sy dood was te wyte aan twee steekwonde wat toe in sy hart gestrek het. Daarbenewens was daar tweede en derde graadse brandwonde oor sy hele liggaam, wat in elk geval sy dood sou veroorsaak het. Die distriksgeneesheer het gevind dat die oorledene rook ingeasem het, wat beteken dat hy nog gelewe het toe hy aan die brand gesteeek is.

Nadat hulle by die oorledene se hut weg is, het die appellant inderdaad vir Bongiwe en Sifiso ontvoer, maar Sifiso het later daarin geslaag om te ontsnap. Bongiwe was egter vir etlike dae deur die appellant in 'n

bos aangehou waar hy haar verskeie male verkrag het.

Sifiso se weergawe van die gebeure die Saterdagand by die oorledene se hut kom in wese ooreen het dié van Bongiwe. Oor sekere aspekte stem hulle getuienis egter nie ooreen nie. Hulle getuienis verskil wat betref die appellant se aanvanklike opmerkings toe hy die hut binnegekom het. Dit is Sifiso se getuienis dat die appellant die oorledene met die intrap daarvan beskuldig het dat hy toordery by die werk beoefen het, dat dit meegebring het dat die appellant se medewerknemers hom begin haat het, en dat dit uiteindelik tot sy ontslag gelei het. Volgens Sifiso het die appellant verder beweer dat daar 'n verkleurmannetjie oor hom geloop het, en dat dit 'n bevestiging van die toordery was. Daarop het die appellant, volgens Sifiso, vir die oorledene gevra om hom sy uitstaande loon te betaal. Toe die oorledene antwoord dat hy niks van daardie geld weet nie, het die appellant sy metgesel gelas om die oorledene vas te maak, waarop die appellant die oorledene beveel

het om sekere medisyne te lek wat hy na bewering vir sy toordery gebruik.

Die getuienis van Sifiso verskil ook van dié van Bongiwe vir sover dit die onderskeie rolle van die twee aanvallers betref. Sifiso ken 'n groter rol toe aan die appellant se metgesel. Volgens Sifiso se getuienis was dit inderdaad die appellant se metgesel, en nie die appellant nie, wat die blik met brandende kole in die hut ingedra het en wat Sifiso beveel het om die paraffien oor die oorledene te gooi.

Die verhoorhof was beïndruk deur Bongiwe, en waar haar getuienis van dié van Sifiso verskil, het die verhoorhof haar weergawe bo dié van haar jonger broer verkies. Die feit dat hierdie twee getuies nie in alle opsigte ooreengestem het oor wat die aanvallers onderskeidelik gedoen het nie, is nie van veel belang nie, aangesien die verhoorhof in elk geval bevind het dat die appellant en sy broer met gemeenskaplike oogmerk opgetree het.

Dit is namens die appellant ter strafversagting betoog dat daar op sterkte van veral Sifiso se getuienis 'n redelike moontlikheid bestaan dat die appellant in toorkuns geglo het, en ook geglo het dat die oorledene deur middel van sy toorkuns bewerkstellig het dat die appellant sy werk verloor het, en dat die appellant daardeur veronreg gevoel het.

Soos reeds gemeld, word Sifiso se getuienis omtrent die appellant se bewerings van toordery nie ten voile deur Bongiwe gestaaf nie. Sy het nietemin getuig dat die appellant geëis het dat die oorledene sy beweerde verskuldigde loon moet betaal, en dat die appellant navraag gedoen het na die "muti" wat die oorledene na bewering by die beoefening van sy toorkuns gebruik. Dit is goed moontlik dat Bongiwe bloot vergeet het dat die appellant die oorledene ook daarvan beskuldig het dat hy toordery by die werk beoefen het en dat dit die appellant sy werk gekos het, soos Sifiso getuig het. Na my mening moet dit dus as redelik moontlik aanvaar

word dat die appellant daardie Saterdagagaand wel al die gemelde bewerings omtrent die oorledene se toordery gemaak het.

Die aanvaarding dat die appellant daardie bewerings omtrent toordery teenoor die oorledene gemaak het, beteken natuurlik nog nie dat dit ook aanvaar moet word dat die appellant eerlik in sy eie gemoed aan toorkuns geglo het nie. Alvorens die appellant se bewerings omtrent die oorledene se toordery as strafversagende faktor oorweeg kan word, moet daar minstens 'n redelike moontlikheid bestaan dat die appellant 'n opregte geloof in toorkuns gehad het, dat hy werklik geglo het dat die oorledene 'n towenaar was, en dat dit die rede vir sy misdadige optrede teen die oorledene was. (R v Fundakubi and Others 1948(3) 810(A) te 818; S v Nxele 1973(3) SA 753(A) te 757 A-F; S v Ngubane 1980(2) SA 741(A) te 745D - 746B; S v Motsepa en 'n Ander 1991(2) SASV 462(A) te 469g - 470i.)

Te oordeel na die appellant se eie getuienis by

die verhoor het toorkuns geen rol gespeel nie. Volgens die appellant het hy die betrokke aand na die oorledene gegaan om sy R42 kleingeld te gaan haal, en was daar geen sprake van uitstaande loon wat aan hom verskuldig was, of van enige kwade gevoelens wat hy teen die oorledene gekoester het nie. Die appellant se eie weergawe van die gebeure daardie aand het trouens geen ruimte gelaat vir die verweer dat hy in toorkuns glo nie. Die appellant se saak sou natuurlik soveel sterker gestaan het as hy self getuig het dat hy wel in toorkuns glo, en indien sy bewering gedurende kruisondervraging getoets kon word. Maar selfs al sou die appellant by die verhoor uitdruklik ontken het dat hy in toordery glo, wil dit nog nie sê dat die hof nie op sterkte van ander geloofwaardige getuienis kan bevind dat hy moontlik wel daardie geloof gehad het nie. So mag 'n beskuldigde byvoorbeeld ontken dat hy enigsins onder die invloed van drank was toe hy 'n misdaad gepleeg het, maar indien daar ander geloofwaardige getuienis is wat toon dat hy inderdaad

dronk was, moet die hof tenspyte van sy ontkenning, sy dronkenskap as strafversagtende faktor in aanmerking neem. Daar moet gevolglik gekyk word na al die getuienis om te bepaal of dit redelik moontlik is dat die appellant wel 'n eerlike geloof in toorkuns gehad het, dat hy die oorledene werklik aangesien het as 'n towenaar wat hom sy werk en sy loon gekos het, en dat dit die rede was waarom hy die oorledene beroof en vermoor het.

Dit moet in gedagte gehou word dat die moord voorafgegaan is deur die roof. Dit is wel so dat die appellant die betrokke aand beweer het dat die oorledene se toordery hom sy verskuldigde loon gekos het, en dat hy daar was om sy loon by die oorledene op te eis. Die getuienis is dat die oorledene inderdaad R700 in kontant aan hulle gegee het. Daardie geld is egter nie deur die appellant gevat nie, maar gelykop tussen hom en sy broer verdeel, asof hulle gewone rowers was. Nadat die appellant daardie som geld by die oorledene gevat het, het die oorledene die appellant seker dubbel en dwars

"vergoed" vir die beweerde verlies wat die appellant as gevolg van die oorledene se beweerde toordery gely het. Daarna gaan die appellant egter heen en beroof die oorledene van al sy huishoudelike ware. Daardie optrede dui sterk daarop dat roof inderdaad die motief was, en dat die oorledene se beweerde toordery slegs 'n voorwendsel was waaronder die appellant geld van die oorledene geëis het. Die verhoorhof het trouens bevind dat die rede wat die appellant daardie Saterdagagaand vir sy eis om betaling van geld aangevoer het, 'n vals rede was, en dat die ware oogmerk niks anders as roof was nie. Die feit dat die appellant tydens die roof ook vir Bongiwe verkrag het, maak dit nog meer onwaarskynlik dat die oorledene se beweerde toordery enige rol by die pleging van die reeks misdade daardie aand gespeel het. En dan volg die brandstigting en moord. Niks wat die appellant die betrokke Saterdagagaand in teenwoordigheid van die twee kinders aan die oorledene gesê het, dui daarop dat hy die oorledene vanweë sy beweerde toordery

wou doodmaak nie. Na my oordeel het die appellant die oorledene se beweerde toordery valslik as rede voorgehou om die roof van die geld te probeer regverdig, maar wat die moord betref is toorkuns nie eens as voorwendsel gebruik nie. 'n Geloof in toorkuns kan gevolglik nie as strafversagtende faktor by die moord oorweeg word nie.

Die enigste ander strafversagtende faktor waarna die appellant se advokaat ons verwys het, is die bevinding van die hof a quo dat die moord nie vooraf beplan was nie. Hierteenoor is daar verskeie gewigtige strafverswarende faktore. Hoewel dit aanvaar word dat die moord nie vooraf beplan was nie, het die appellant en sy broer gewapend na die oorledene se hut gegaan met die doel om hom te beroof. Die getuienis is dat die appellant 'n mes by hom gehad het terwyl sy jonger broer skerpgetuigde ysters saamgeneem het. Die oorledene is gedurende die nag en in die loop van die rooftog, in sy hut aangeval en later in die direkte omgewing van sy hut doodgesteek. Die oorledene het op geen stadium weerstand

gebied nie, maar hy is oor 'n tydperk aangerand en gemartel voordat hy lewend aan die brand gestee is. Die hof a quo het Bongiwe se getuienis aanvaar dat dit die appellant was wat toegesien het dat die oorledene met paraffien verbrand word. Die oorledene het blykbaar daarin geslaag om die brandende hut te verlaat, maar toe hy om hulp roep, het een of beide van sy aanvallers hom buite die hut gaan doodsteek.

Die appellant het verskeie vorige veroordelings, onder andere vir roof en gewone aanranding. Die appellant het al by twee geleenthede in die verlede tronkstraf uitgedien, hoewel dit nie langtermyn gevangenisstraf was nie. Hy was ongeveer 23 jaar oud toe die moord gepleeg is. Hoewel rehabilitasie van die appellant sekerlik nie uitgesluit kan word nie, het hierdie hof onlangs weer beslis dat die elemente van afskrikking en vergelding by straftoemeting na vore tree wanneer ouer persone in hulle huise in die loop van 'n rooftog vermoor is. (S v Tloome 1992(3) SA 568(A) te 577

I.) Die appellant is in die getuienis as 'n ou man beskryf.

Na my oordeel is die doodvonnis die enigste gepaste straf vir die moord wat die appellant gepleeg het. Die appèl word gevolglik afgewys.

---

F H GROSSKOPF AR

BOTHA AR

VAN COLLER Wnd AR Stem saam.